HOËRSKOOL RANDBURG

**Spesifieke Oueromsendbrief nr. 82 van 2026**

23 Julie 2026

Geagte Ouers / Voogde van graad 12-Geskiedenisleerders

**Kennisgewing: Verpligte Graad 12 Geskiedenis SBA-assessering**

Hiermee wil ons u in kennis stel dat alle graad 12-Geskiedenisleerders op **Donderdag, 30 Julie,** ná skool sal moet aanbly om 'n **verpligte 2 uur formele SBA-assessering** af te lê.

Hierdie assessering vorm deel van die **Skoolgebaseerde Assessering (SBA)** en is **verpligtend**. Dit tel as **een formele assesseringstaak uit 100** punte en dra tot die leerder se **finale Geskiedenispunt** by.

Volgens die Geskiedenis *CAPS*-dokument en die Jaarlikse Onderrigplan (*ATP*) moet hierdie assessering uit 'n brongebaseerde vraag en 'n opstelvraag bestaan wat as een geïntegreerde assesseringstaak in een aaneenlopende sessie van 2 uur geskryf word. Hierdie SBA moet ook voltooi wees voordat die voorlopige (*prelim-*) eksamen begin.

**Besonderhede van die assessering:**

- **Datum:** Donderdag, 30 Julie
- **Tyd:** 14:15 – 16:30
- **Duur:** 2 uur
- **Lokaal:** C3

Ons versoek vriendelik dat u die nodige reëlings tref sodat u kind die volle duur van die assessering kan bywoon. Aangesien hierdie 'n verpligte SBA-assessering is, word alle graad 12-Geskiedenisleerders se teenwoordigheid verwag.

Baie dankie vir u samewerking en volgehoue ondersteuning van u kind se akademiese vordering.

Vriendelike Randjiegroete

E. van der Linde
Geskiedenis

P. Booysen
Skoolhoof